Week 2: Lewende water

- Teks: Johannes 4

Kompetisie tyd

Deel die gesin/groep op in 3 spanne. Elke span het 5 minute om ‘n lys te maak van al die Bybelverhale wat by ‘water’ plaasvind of waar die woord ‘water’ gebruik word. Kyk dan watter groep die meeste water verhale gelys het, en vergelyk as groep watter verhale jul dalk van vergeet het.

Ontdek saam:

- ✞ Vertel vir mekaar van ‘n geleentheid wat jy iemand heeltemal verkeerd opgesom het. Waar die persoon(e) teen jou verwagtinge opgetree het? Hoe het dit vir jou laat voel na die tyd?
- ✞ Gesels oor rassisme/vooroordeling. Hoekom raak ons moeg om daaroor te praat? Hoe weet ons, ons doen genoeg om mekaar met waardigheid raak te sien en te hanteer?
- ✞ Lees die teks ‘n paar keer deur. Gee vir elkeen in die gesin/groep geleentheid om te sê wat vir hulle uitgestaan het in die teks. Indien daar nie veel opmerkings is nie, beweeg na die volgende dele van Johannes 4 toe:
  - ✞ V4: *Toe moes Jesus deur Samaria gaan*
  - ✞ V7: *Jesus vra vir haar*
  - ✞ V13/14: *Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry, maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.*"
  - ✞ V28: *Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan en na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê*
  - ✞ V30: *Die mense het toe uit die dorp uit na Jesus toe begin kom.*
- ✞ Wat is die lewende water waarna Jesus verwys? Hoe lyk daardie water vandag hier tussen ons of deur ons? Is die lewende water nie dalk wanneer ons mekaar onvoorwaardelik aanvaar nie? En wanneer iemand my glas vol onvoorwaardelike aanvaarding maak, kan ek nie help om dit ook met ander te deel, en hul glase ook vol te maak nie.

Afsluiting: Goedhartige Gebed:

Heavenly Father, help us remember that the jerk who cut us off in traffic last night is a single mother who worked nine hours that day and is rushing home to cook dinner, help with homework, do the laundry and spend a few precious moments with her children.

Help us to remember that the pierced, tattooed, disinterested young man who can't make change correctly is a worried 19-year-old student, balancing his apprehension over final exams with his fear of not getting student loans for next semester.

Remind us Lord, that the scary looking bum, begging for money in the same spot every day (who really ought to get a job!) is a slave to addiction that we can only imagine in our worst nightmares.

Help us to remember that the old couple walking annoyingly slow through the store aisles and blocking our shopping progress are savouring this moment, knowing that based on the biopsy report she got back last week, this will be the last year that they go shopping together.

Heavenly Father, remind us each day that, of all the gifts you give us, the greatest gift is love. It is not enough to share that love with those we hold dear. Open our hearts not to just those who are close to us, but to all humanity. Let us be slow to judge and quick to forgive, show patience, empathy and love.

Rembrandt, Christ and the Woman of Samaria, Among Ruins, 1634